



ST. JACQUES BERTHIEU

8 JUNIE

(1838 – 1896)

Hy is gebore uit 'n familie met sewe kinders in Frankryk. In 1873 sluit hy by die Jesuïete aan en word nog vóór die einde van sy novisiaat na Madagaskar gestuur. Daar word hy priester gewy en in 1885 aangestel as owerste van die sendingstasie in Ambositra. Hy was 'n groot en dapper verkondiger van die Evangelie onder die Merina-stamme naby die hoofstad Tanarive. In 1896 breek daar 'n opstand uit teen die Franse koloniale bewind. Hy en sy groepie Christene is gedwing om na die hoofstad te vlug. Op pad daarheen is hulle deur 'n vyandige stam aangeval en gevange geneem. Die hoofman het hom gedreig en probeer oortuig om sy Christelike geloof af te sweer. "Ek sal liever sterf," was sy antwoord en ook sy laaste woorde. Hy is vermoor en sy lyk is in 'n rivier gegooi en nooit gevind nie.